# DIE BELOOFDE LAND

Die NG Kerk het eers eerwaarde sendelinge na die Soutpansberg gestuur voordat hulle predikante hierna toe gestuur het. Dit lê nog diep in die gemeenskaplike geheue van hierdie bosveld rondom die berg.

Dit gaan oor die trek.

Die kerk van die Kaap het getrek sonder die predikante. Weg van oorheersing, die vreemde in. Die preke was Kaapse preke. Preke onder toesig van die beamptes van die goewerneur binne in die kerkraad.

Die skeiding was toe al daar. Die predikante het skuld gepreek teen verarming en teen die barbaarsheid. Kon nie verstaan hoe ŉ hartebeeshuisie en suurmelk vir die Kaapse gewels en wyn verruil kon word nie!

Louis Trichardt het goeie buurmanskap hier in die berge kom soek, nie onbekeerde siele nie. Dit het hy gekry in mense wat weet wat berge teen oorheersing kan doen. Dit is hierdie kranse wat impi's uit die Suide nie met ŉ horingformasie kon omarm nie. Dit is hierdie kranse wat uitkyk oor oneindige wye oop vlaktes en nie op ŉ baai met Engelse skepe uit die koue nie.

Langs die Soutpanne lê nou nog porseleinstukke tussen Venda potskerwe van die vryheid wat hulle vir ŉ kort rukkie hier gevind het, ŉ eie staanplek.

Dit het onder die groot ronde aardrotskoepel in die Kaap gebeur.

Die greep van die koue geestelikheid uit die Skotse hooglande het die agtergeblewenes in hierdie vallei vasgedruk. Dis hoe die koue fronte in die Kaap maak. God se woede is deur die predikante op hulle wat nie betyds kon trek nie, uitgestort in die aankondiging van oorvloedige lewe en blydskap vir elkeen wat homself oorgee om niks te wees nie. Oorweldig deur die innige brutaliteit van God se gesante, het onderdane ondergeskiktes in hulle eie kerk geword.

Die predikante het weer in die Kaap agter gebly. Dit was van hulle wie onderwerp is wat na die Soutpansberg uitgestuur was. Hierdie uitreik van die geestelike leiers was nie ŉ trek nie. Dit was ŉ kruistog, ŉ veldtog in die heidendom met die Suide as bastion. Nie vryes wat buurmanskap kom soek het nie, maar ondergeskiktes wat onverowerdes kom soek het vir die raadsbestuur van die Kaap. Onder amptenare gee mense hulle self makliker oor aan die mag van God.

Hy sit stil. Sy kyk stil.

Hulle sal nooit daaroor kan praat nie.

Hy sug moeg op die loop van die geweer wat hy warm teen sy koue bors vashou. Die tien honde kon nie saam met die trek wat moet van die plaas af nie.

Hy het hulle soos altyd vir ’n jag op ape uitgevat. Hy kon die vertrouensskok voel toe die paniek in hulle oë wys. Dis vir hulle, en nie die ape wat hulle opgewonde vir hom opgejaag het nie, wat hy skiet! Hulle wat na die moord in die vallei die enigstes was wat teen die vrees ’n goeie nagrus verseker het.

Hulle kan nie saam wegtrek nie.

Hierdie trek het in Rustenburg teen die hange van die berge begin. In Rustenburg is die boere skuldig verklaar deur die kerk, ’n skuldverklaring wat nou hier teen die kranse hier in die Soutpansberg ego. Die skuldberaad was in die Kaap maar die skuldverklaring is uit die Kaap kom maak in die bosveld.

Dit is waar die moegheid begin het.

Skuldverklarings kom voor die wat op jou goed kom beslag lê. Dit is hoe amptenare van die owerheid werk. Die twee dominees het al die boere in Potgietersrus gedaag. Die een uit die Kaap en die ander een van die wat graag in die Kaap wil wees.

Die kontrak van die boere met die kerk is nou gebreek. Hulle het altyd vrywillig gegee en dit offergawes genoem. Die predikante van die Kaap soek nie offergawes nie. Hulle soek offers. Skuldoffers. Hulle soek ook nie meer gawes nie. Hulle soek oorgawe. Wat eie is moet oorgegee word, opgegee word en weggegee word.

Dit is die boere in die bosveld wat moet weggee, verklaar die twee dominees uit die stede waar mense nie meer offergawes gee om die kerk aan die gang te hou nie.

Dit is omrede van Selofgad se dogters, maak die dominee namens die eisers sy aankondiging oor die boere. Vandag is hy net die gestuurde wat die boodskap bring, die boodskap van vrede en versoening met hierdie land. “Maar as die boere nie vandag hierdie versoening van die Here aanvaar nie, sal hulle plase brand”, maak hy namens die eisers die profesie.

Hy sug moeg met sy kop teen die geweer.

Hy ken die brande. “Dit is hulle geloof”, verskoon die predikante en die wedergeborenes uit die Kaap, “Hulle roep die vaders van die reën.” Dit is nie die woede van hulle wat nie deur arbeid ingeperk wil word en alles vir almal wil hê nie, die woede van hulle wat wil versamel soos in die eeue van te vore teen hulle wat die grond wil bewerk soos die opdrag aan hulle gegee was nie.

Dit is na hierdie brande wat hulle sy vrugtebome in die nag as brandhout kom versamel het in die versugting na tye waar daar nie drade was nie en in die helder daglig alles wat voorhande was, gevat kon word.

“Die Here praat met julle deur Selofgad se dogters”, herhaal hy in die nuwe ywer dat hy nou alles vir almal verteenwoordig en nie meer die boerse dominee is wat hy vantevore was nie. “Selofgat se dogters het voor Moses kom staan en die grond wat hulle toekom gevra en die Here het dit ŉ bindende voorskrif gemaak om grond te gee vir die wat nie het nie”, haal die dominee aan uit Numeri 27.

Hy het in die nuwe dreigende stilte van die nag daardie aand die woord gaan lees, maar kon nie verder kom as die vers waar hierdie dogters sê hulle pa het nie ŉ seun gehad nie.

In Rustenburg se kerkaankondiging is die belofte tussen hom en seun beëindig. Beloftes leef in oë. Seun se oë het begin soek. Soek weg van die plaas af. Soek weg van die land af. Die aankondiging was net die verseëling van wat hulle in mekaar gekyk het. Hy gaan London toe. Hy kan nie meer wag vir die beloofde land om te bewerk nie. Hy moet nou ondergronds in die vreemde wat hy hier moet verloor daar gaan probeer herwin. Dit is wat dominee nou bevestig het. Die belofte is nou vir ander, vir Selofgat se dogters, nie meer vir ouboet nie.

Hy en sy het stil in die aande op die bed gelê, gekwel oor wat hulle nooit weer vir mekaar kon sê nie.

Die boodskap het gou onder die boere versprei.

Hulle weet hulle moet weg. Leefplek uit die Noorde vir hulle in die Kaap maak. Die trek is as samewerking aangekondig deur die regering se amptenare: “Jy bou vir almal ŉ toekoms om nie meer self een te hê nie.” Dit is in hierdie woorde wat hy sy moegheid gevind het. Hy kan nog net oorleef met wat in die verlede was, maar mag nie meer leef vir die toekoms nie.

Hy wonder by wie Moses die grond afgevat het om vir Selofgad se dogters te gee. Die woord wys dat die bende samesweerders van die Koragiete nie grond mag gekry het nie, net hulle wat Moses ondersteun het.

Dit was die eerste gevoel toe die moegheid begin het. Voorheen was opstaan, uitgaan, ploeg, plant, natgooi, versorg en onderhou ŉ onderneming. Dit is die vryheid wat jy nie in ŉ aanstelling kan vind nie. Om in die uitdaging van wat kan wees te skep wat nie daar was nie. Boerdery was ŉ vrye onderneming en in elke buurman is hierdie vryheid gesterk en gedeel.

Dit was die boodskap wat versprei het. Wat voorheen ondernemings was, is nou ŉ sameswering teen die owerheid. Wie wil boer, ondermyn die nasie en wie wil werk, is besig met ŉ komplot teen die gemeenskap.

Dit was nie net ’n gevoel nie.

Die polisie het gewys dat hierdie ’n sameswering was wat nou die leiers bedreig. Hulle het nie meer uitgekom as jy om hulp roep teen die diefstal nie. Net weke later kom kyk af jy nie die plunderaars beseer het of hulle regte geskend het nie.

Daar was eers stukkie-stukkie van die oes teruggevat. Stil in die nag. Plastiek sakke- vol het eers kratte-vol en toe bakkie-vol die lande van die oes skoongemaak. Daarna is die plaas skoongemaak van waterpype en waterkrane. Hulle staan in die daglig nou voor hom en oes die lande vir die wettige eienaars en hy kan geweer in die hand dit nie meer keer nie.

Die arbeid het teen hierdie sameswering in opstand gekom. Hulle wou hierdie staatsgreep breek. Die regering se kommissaris van grond het hulle vermoedens en gegriefdheid bevestig. Plig en produksie is die magsgreep van hulle wat die owerheid ondermyn. Hy het vir die arbeid die vyand geïdentifiseer.

Sameswering is ’n sweer. Dit groei uit sy eie kwaad en maak wat heel was seer. Die klag het tussen almal kom lê wie bly en wie trek met die swaar vermoede van verraad teen wie die samesweerders sou wees.

Dit is die samesweerders wie se grond gevat en gegee moet word, net soos met Selofgad se dogters. Dit was voor die priesters én die leiers wat hierdie grondeise ingedien en geskik was. Die leiers het die reg bepaal en die priesters die regsoffer.

Geweer in sy hande omvou onthou nog hoe die dominees offers vir die volk gevra het. Dit het agter die berg begin en toe al om die berg uitgekring. Plase is vir die beleid onteien en opgekoop en die boere moes gee.

Leiers en leraars het gewys op offers en offervaardigheid teen die groot gevaar. Jy kan net vorentoe as jy weggee. Só het hulle die stede veilig gemaak, stukkie vir stukkie.

Hy moes self die store skoonmaak.

Elke yster, elke stuk gereedskap, elke plaat en pyp waarmee hy geweet het hoe om ’n plan mee te maak, het nou skrootyster geword. Hy wou nog vashou, maar sy was klaar. Die goed moet weg en uit die pad dat hulle kan wegkom. Hy moes dit waarmee hy alles kon bewerk, self wegry na die nuwe werf waar plase se yster opgesmelt word, voor die verwytende oë van hulle wat dit vir hom sou gedoen het.

Hy het dit al die jare met wild gesien. Wie nie ’n eienaar het nie behoort aan almal en word gejag en geslag. Dit is hoe dit werk. Die wild op plase is veilig vir die

gebruik van die eienaar, maar waar daar nie meer drade is nie, word hulle vir die pret doodgemaak. Dit is anders met diere. Hulle maak nie dood vir pret nie, net vir honger. Daar is genade in die wete dat jy deel van ’n voedselketting is en ’n groter geheel van lewe waarin jou dood die lewe onderhou.

Die leiers het aangekondig dat hy nie meer aan ’n volk behoort nie en die predikante het aangekondig dat die volk die grond moet teruggee aan die regmatige eienaars.

Hy het dit eers net gehoor.

Hulle het niks gevat toe hulle die boer doodgemaak het nie. Net met ’n graaf doodgeslaan. Hulle moes sy oë in die veld gaan soek omdat na die prettigheid hulle weer bevange geglo het hy kon sien en dalk na die dood terugkom en kyk.

Dit het al nader gekom en die verminking het die wete verseël wat elkeen wou besweer het, jou gespartel teen die dood is die vermaak van die nuwe eienaars oor hulle wat aan niks en niemand meer behoort nie.

Dit was die ouderling wat van die sinode afgekom het wat vertel het dat die voorsitter van die sinode hom eenkant toe geroep het en net weer wou bevestig dat dit die boere is wat swak verhoudinge met arbeiders het wat so vermink word.

Die ding van Selofgad se dogters bly hom pla.

Hy staan op om sy geweer by die polisiestasie te gaan ingee en so in die bakkie se ry dink hy daaraan.

Moses het stamgrond uitgedeel omdat hy die leier van die stamme van Israel was. Vreemdes se grond wat die Here aan die stamme beloof het. Dit is wat hom gepla het toe die dominees van Potgietersrus so nuut alles vir almal was. Hulle is nou die stamme se priesters en hulle deel wie nou die vreemdes vir die kerk geword het, se grond uit aan die stam van God. Die nuwe stamgod is nie ’n god vir die volk nie.

Toe verstaan hy die dominee se boodskap van Selofgad se dogters: “God seën nou Afrika.” Dit is die vreemdheid wat hom so moeg gemaak het.

In die wete van ’n nuwe vryheid van ’n ander God, het hy nie weer kerk toe gegaan nie.

Hulle het van die plaas in die Soutpansberg getrek na die stad op die koue oop Hoëveld.

ds. PJ Kriel